

# St. Benedictus

## 11 Julie

(c480—c547)

Hoe spreek ‘n gelowige die vergrype en onreg en verkeerde dinge van sy tyd en samelewing aan? Benedictus van Nursia het dit op ’n manier gedoen wat vandag nog steeds geldig is. Deur sy lewe het hy laat sien dat daar ’n ander manier is om met die lewe om te gaan, geluk is te vinde in ’n eenvoudige, sober leefwyse in diens van God en mens. Sy manier van lewe het ’n geloofsgemeenskap om hom laat ontstaan wat later in die Benediktynse-orde ontwikkel het met ’n leefreël wat mense nog steeds aantrek – vrede en gemoedsrus berus op harde werk en gelowige gebed.

© Die Oratorium Uitgewery